



Parkieland  
H/V Anderson - en  
Thomas Edisonstraat  
Menlopark 0081  
Tel: 012 460 1976  
Faks: 012 460 1976  
parkieland@menlolaer.co.za  
www.parkieland.co.za

11 Mei 2022

Nuusbrief No 16

Liewe Ouers,

Die kinders het die Mobile Zoo se besoek vreeslik geniet. Die interessante diertjies bring altyd groot vreugde en opgewondenheid onder die kinders. Ons hoop ook dat elke Mamma baie bederf was gedurende Moedersdag.

**Opedag: Saterdag 14 Mei 2022: 9:00 tot 12:00:**

- Die Laerskool nooi alle Gr 00-kleuters uit om die Opedag by te woon vir kleuters wat Gr 0 in 2023 gaan bywoon.
- Alle voornemende 2-3 jarige-, Gr 000- en Gr 00-ouers word by Parkieland se hekkie ontvang.
- Nooi asseblief vriende om te kom kyk en deel te word van ons Menlo-kultuur.

**Mandjiemark:**

- Baie dankie vir u skenkings vir die Mandjiemark. Die mandjies lyk fantasties - baie dankie aan die Ouerkomitee wat dit so mooi opgemaak het.
- Elke kind ontvang 'n boekie van 12 kaartjies @ R30 elk om te verkoop. U teken vir ontvangs daarvoor by die klasonderwyseres.
- U kan kaartjies koop of verkoop aan familie en vriende vir **ENIGE** van die mandjies. **Dit hoef nie u klas se mandjies te wees nie.** Vir slegs R30 kan u of iemand aan wie u 'n kaartjie verkoop het, 'n mandjie wen met 'n inhoud waarvan die waarde tussen **R2,050** en **R6,525** wissel.
- **U het kans tot Maandag 13 Junie 2022 wanneer die verkope eindig.** Die trekking se datum is Dinsdag, 21 Junie 2022.
- Ons moedig alle ouers aan om soveel as moontlik kaartjies te verkoop. Ons wil u graag aanmoedig om 'n hele boekie **of meer** te verkoop. Ons het ekstra boekies beskikbaar.
- **Vul die persoon wat die kaartjie(s) koop se besonderhede volledig op die dubbelkaartjie in. Maak asseblief seker dat die teenblaadjies ook volledig ingevul word.**
- **Skeur die teenblaadjie af en gee dit vir die persoon wat die kaartjie gekoop het.**
- Hou die ander blaaitjie(s) in die boekie. Elke kaartjie word dus "dubbel" uitgeskryf. **Ons gebruik een om die trekking te hou, die ander dien as die persoon se bewys van deelname.**
- Wanneer u al die gelde ontvang het, kan u die gelde en voltooides kaartjieboekie(s) by die klasonderwyseres inhandig. Die onderwyseresse sal dan die kaartjies los maak en in die korrekte houers plaas vir die kaartjietrekking.  
Ons verkies dit dat u 'n EFT doen, dit is net veiliger.
- Onthou dat daar 12 mandjies is wat gewen kan word!!!
- **Die seun en dogter wat die meeste kaartjies verkoop het, wen elkeen 'n prys.**

- Baie dankie dat ons op u kan staatmaak vir hierdie projek. Die Personeel en Ouerkomitee waardeer dit opreg.
- Hier is die 12 mandjies waarvoor u kaartjies kan koop. Die bedrae wat aangedui word is die minimum geskatte waardes.

**Die temas is soos volg:**

<b>OLIFANTE:</b>	<b>Kamp &amp; Braai: R4 305</b> <b>Sjokolade: R4 115</b>
<b>KAMEELPERDE:</b>	<b>Pasta &amp; wyn: R6 525</b> <b>Kinderbederf &amp; kinderkuns: R4 135</b>
<b>HASIES:</b>	<b>Koffie: R3 514</b> <b>Mamma "me-time": R4 772</b>
<b>EENDJIES:</b>	<b>Groen vingers (tuinmaak): R3 350</b> <b>Winterbederf: R3 500</b>
<b>LAMMETJIES:</b>	<b>Nagereg &amp; Bak-en-Brou: R3 300</b> <b>Pappabederf: R5 060</b>
<b>KALFIES:</b>	<b>Kosblik &amp; peusel: R2 050</b> <b>Vakansie/see toe: R2 090</b>

**Skoolbeleid:**

- **Met die griepseisoen op hande, herinner ons u net weer aan ons medisyne-beleid:**
  - **Geen** onderwyseres mag medikasie aan 'n kleuter toedien sonder 'n ouer se skriftelike toestemming nie. Probeer asseblief waar moontlik medikasie tuis toedien.
  - Kinders wat antibiotika gebruik moet vir twee skooldae tuis bly.
  - Ons vra ook mooi dat kinders met koors nie skool toe sal kom nie. Die koorsstadium is die aansteeklike tyd én ons het **geen** koorsmedisyne om vir u kind te gee sou hy of sy koorsig raak nie.
  - Ons is maar altyd versigtig vir koorsstuipe.
  - Indien u kind wel medikasie moet ontvang, moet u in die medisyneboek in die kantoor toestemming verleen. Verder moet die korrekte hoeveelheid medisyne in 'n inspuiting opgetrek word en in 'n gemerkte plastiekbakkie aan die Onderwyseres oorhandig word.
  - **Moet ASSEBLIEF onder geen omstandighede medisyne in u kind se tas los nie.**

**Items wat skool toe kom:**

- Ons rig asseblief weer die versoek dat kinders nie met speelgoed en allerhande "goedjies" skool toe sal kom nie.
- **DAAR IS STEEDS KINDERTJIES WAT "SNOEPIEGELD" SAAMBRING. GEWOONLIK SONDER DIE WETE VAN JUFFROU.**

DINSDAG HET 'N KIND TYDENS TEMABESPREKING 'N 20c IN SY MOND GEHAD EN SO AMPER DIT INGESLUK. DIS NIE VEILIGE PRAKTYK VIR KLEIN KINDERTJIES OM MUNTSTUKKE BY HULLE TE HÊ NIE...

Ons weet van hulle neem dit "onwetend" uit die huis uit, maar ons vra u mooi om te kyk ter wille van veiligheid.

**Gedagte vir die week:**

**DUISENDE REDES:**

As jy elke môre 'n rede kan vind om te sê: "Dit gaan 'n pragtige dag wees," en elke aand 'n rede kan vind om te sê: "Dit was 'n pragtige dag"... Sal jy eendag kan terugkyk en sê: "Dit was 'n pragtige lewe."

♥PARKIELAND♥GEE♥OM♥

Geseënde week verder.

Vriendelike Parkie-groete,



RIEKIE VAN EEDEN & PERSONEEL



PARKIELAND  
KLEUTERSKOOL  
VANAF 2 JARIGE OUDERDOM  
OPEDAG  
20 Jaar van dienslewering  
14 MEI @ 09:00-12:00  
www.parkieland.co.za

The poster features a central image of two young girls in green Parkieland t-shirts sitting on the grass and talking. The background is a vibrant, colorful landscape with trees, flowers, and a butterfly. The text is arranged in a clear, hierarchical manner, with the school name and event title in large, bold letters. The date and time are prominently displayed at the bottom, along with the school's website.



Laerskool Menlopark: Pre-Primêr





## Mobile Zoo instappie 2022



Ons kleuters het so baie geleer van allerhande soorte sagte, stekelrige, warm- en koudbloedige gediertes met die Mobile Zoo se besoek aan die skool.

